**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 7 AUGUSTUS 2012 OM 14:00**
**IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 7/2012**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met 'n gebed deur Des Muller geopen, waarna al die lede welkom geheet word. 'n Spesiale woord van dank aan Bertie Supra en Abdul Coleridge, nuut aangestelde bou-inspekteur van Mosselbaai.

Die nuut verkose Voorsitter bedank sy voorganger, mnr Buks Pieterse in sy afwesigheid, vir die onbaatsugtige diens gelewer tydens sy ampstermyn

Die vergadering neem kennis van die Voorsitter se openingstoespraak (Bylae A).

## 2. PRESENSIE

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Anton Dellemijn | Voorsitter | Tergniet |
| Lavinia Lunow | | Fraaiuitsig |
| Deon Hoon | | Reebok |
| Johann Muller | | Reebok (onder spoor) |
| Frik Nel | | Reebokhoogte / Bewarea |
| Des Muller | | Riverside |
| Dawid Erasmus | | Tergniet |
| George Nezar | Onder-voorsitter | Tergniethoogte |
| Mike Wray | | Tergniethoogte |
| Dorothy Barnard | Sekretaris en Tesourier | |

### 2.2 Op uitnodiging

| | |
|---|---|
| Raadsheer Kallie Smit | Raadslid – Wyk 4 |
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid – Wyk 5 – Verlaat die vergadering 15:30 |
| Bertie Supra | Bou-inspekteur (Groot-Brakrivier) |
| Abdul Coleridge | Bou-inspekteur (Mosselbaai) |
| Rozain Hansen | Munisipaliteit |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | |
|---|---|
| Leon Kruger | Reebokrif |
| Charl Coetzer | Fraaiuitsig |
| Pieter le Roux | Kleinbrak |
| Charl de Wet | Kleinbrak |
| Terrie Terblanche | Riverside |
| Kruger de Wet | Reebokhoogte |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 3. | **GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING** | |
| | Die notule van die vorige vergadering word goedgekeur met die volgende wysigings: | |
| 3.1 | Buks Pieterse se naam is twee keer genoem by teenwoordigheidslys. | |
| 3.2 | Item 7.7, tweede paragraaf: Sin moet lees: "Gibo onderneem om te versoek dat die Raad ...". | |
| 3.3 | Die notule se nommering vanaf "Projekte" is nie korrek nie. | |
| | Voorgestel en gesekondeer deur mnre Mike Wray en George Nezar. | |
| 4. | **AANVULLENDE AGENDA** | |
| 4.1 | **Vloedskade – nabetragting** | |
| | Dank en waardering aan Raadsheer Smit, mnr Pieter Myburg en Pieter le Roux dat hulle die area besoek het tydens die hewige storm. Die kwaliteit van die plaveisel in Kusweg word bevraagteken. Raadsheer Smit meld dat die kontrakteur se betaling oor 'n periode sal geskied om sodoende kwaliteit aflewering van werk te verseker. Haal af. | |
| 4.2 | **Jaarlikse vergadering met burgemeester en afdelingshoofde (Aug/Sept)** | |
| | Die behoefte bestaan dat 'n jaarlikse vergadering met die Burgemeester en haar bestuurspan plaasvind. 'n Skrywe met die versoek sal aan die Burgemeester gestuur word. | Dorothy/Anton |
| 4.3 | **Verteenwoordiging by maandelikse Burgemeesters Raads-vergadering** | |
| | 'n Rooster sal in oorleg met die Voorsitter en lede opgestel word vir bywoning van bogenoemde vergaderings. | Dorothy |
| 4.4 | **Erekode** | |
| | Die vergadering neem kennis van die Voorsitter se voorstel vir 'n erekode vir die Vereniging en sal die voorgestelde dokument aan lede stuur vir kommentaar. | Anton / Dorothy |
| 4.5 | **Vakante posisisie – Reebokrif** | |
| | Die Voorsitter versoek lede om voorstelle vir nominasies, indien enige, aan hom te stuur. Haal af. | Lede |
| 4.6 | **Koerantberig en Komitee bekendstelling aan die Midbrak gemeenskap – bewuswording** | |
| | 'n Groepfoto van komiteelede sal tydens die volgende vergadering geneem word vir plasing in die "Mossel Bay Advertiser". George en Des vra by voorbaat verskoning vir nie-bywoning van die volgende vergadering. Haal af. | Lede / Anton |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 4.7 | **GOP bywoning**<br><br>Vergaderings sal as volg plaasvind:<br><br>Wyk 4 – 21 Augustus 2012 – 19:00 in die Reebok Gemeenskapsaal<br>Wyk 5 – 28 Augustus 2012 – 19:00 by die Munisipale kantore in Grootbrak.<br><br>Alle lede word versoek om beide vergaderings by te woon en insette aan Dorothy deur te stuur. | Lede |
| 4.8 | **Spuit van gif op onkruid**<br><br>Die vergadering neem kennis dat munisipale amptenare opleiding ontvang het met spuit van gif. Rozain word versoek om op te volg wanneer die proses sal begin. | Rozain |
| 4.9 | **Vervanging van oorhoofse drade met ondergrondse kabels**<br><br>Sal op die GOP lys van versoeke geplaas word. Haal af. | Dorothy |
| 4.10 | **Argifering – Kas**<br><br>Die vergadering besluit dat 'n kas aangekoop moet word en lede word versoek om uit te kyk vir 'n geskikte kas. Haal af. | Lede |
| 4.11 | **Webtuise vir die Vereniging**<br><br>Anton sal sy kontak vir 'n kwotasie nader. Dawid stel voor dat ondersoek ook ingestel word na die "Mossel Bay Advertiser" se webtuiste. | Anton |
| 4.12 | **Nuwe bouregulasies**<br><br>Mnr Bertie Supra lig die vergadering kortliks in oor byvoegings tot die Nasionale Bouregulasie 103/1977 wat onder andere insluit:<br><br>• Posisionering van toekomstige huise se leefareas moet Noord/Suid oriënteer.<br>• Dak oorhang kom in werking.<br>• "Fenestration" – 'n Formule waaraan argitekte moet voldoen oor die hoeveelheid hitte en koue in die huis.<br>• Dakke moet geïsoleer word met 135mm materiaal.<br><br>Die byvoeging tot die Wet is beskikbaar op www.buildingcontrol.co.za of www.saiat.co.za.<br><br>'n Bewusmakingsprojek sal deur die Munisipaliteit onderneem word om die publiek bewus te maak van die byvoeging tot die Wet. Haal af. | |
| 4.13 | **Bye korwe**<br><br>Die vergadering neem kennis van 'n persoon wat inwoners nader om bye korwe aan te hou. Mnr Bertie Supra bevestig dat so praktyk in woongebiede onwettig is. Haal af. | **Lavinia** |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **4.14** | **Trap by 3de Laan** | **Dorothy** |
| | Mnr Bredell se versoek oor die beskadigde trap by 3de Laan sal aan die Dienste Moniteringskomitee deurgegee word. | Rozain/Dorothy |
| **4.15** | **Tariefverhoging van Gemeenskapsaal** | |
| | Die vergadering neem kennis van die Munisipaliteit se tariefverhoging van R18 na R33 wat 'n 83% styging is. Gibo onderneem om navraag te doen oor die hoë persentasie styging. | Gibo |
| **4.16** | **Geraasbesoedeling – N2** | |
| | SANRAL se verslag oor die geraasbesoedeling sal op 15 Augustus 2012 bekendgemaak word. Mnr Eric Serfontein, 'n inwoner van Fraai-Uitsig, het versoek dat hy op hoogte gehou word van die uitslag. | |
| | Indien die verslag nie die gewensde resultaat lewer nie, sal oorweging geskenk word om 'n aksiekomitee daar te stel. | |
| | Mnr Johann Muller bevestig dat dit nie die Belastingbetalersvereniging se verantwoordelikheid is om 'n oplossing vir die probleem te vind nie. Lede moet die boodskap ook so aan inwoners oordra. | Lede |
| **5.** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE** | |
| **5.1** | **Erf 264 en 271, Reebok – Skriftelike bevestiging deur Munisipaliteit oor proses** | |
| | Skriftelike terugvoer is ontvang wat op rekord geplaas sal word. Haal af. | |
| **5.2** | **R102 - Versperring van sig by uitgange** | |
| | Raadsheer Smit bevestig dat hy met mnr Naudé Viljoen in gesprek was en het hy bevestig dat daar nie 'n probleem met die sig by uitgange van die woongebied na die R102 is nie. Die vergadering verwerp die stelling as onaanvaarbaar. | |
| | Raadslid Gerber bied aan om, indien die Vereniging weereens 'n skriftelike versoek aan Eden Distriksmunisipaliteit kan rig, dit persoonlik aan mnr Ottervanger te oorhandig. | Dorothy / Gibo |
| **5.3** | **Inligtingskantoor by Klein-Brakrivier** | |
| | Frik sal die versoek wat 6 maande gelede ingedien is weer aan Rozain stuur vir dringende opvolg. | Frik / Rozain |
| **5.4** | **Aflewering van pamflette in die gebied deur die Munisipaliteit** | |
| | Is by die Dienste Moneteringsvergadering aangespreek. Haal af. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 5.5 | **Ongemagtigde bewoning van huise deur arbeiders van bouers** | |
| | Die Munisipale kennisgewing dat slegs een persoon op 'n bouterrein mag slaap, is skynbaar net 'n riglyn en nie afdwingbaar nie. | |
| | Werksure vir bouers is as volg: | |
| | Maandag tot Vrydag: vanaf 6:00 tot 18:00<br>Saterdag: tot 17:00<br>Sondag: Geen werk word toegelaat nie | |
| | Oortreders kan gerapporteer word by bou-inspekteurs vir die area. Haal af. | |
| 5.6 | **Kleinbrak Estuariumplan** | |
| | Daar is nie geld begroot nie omdat die Plan nog nie goedgekeur is nie. Die aangeleentheid word nog op interdepartementele vlak hanteer waarna dit aan die Raad voorgelê sal word. Sit op aktiwiteitslys vir Maart 2013. | Dorothy |
| 5.7 | **Impalaweg** | |
| | Padoppervlak merktekens is aangebring. Skewe verkeerstekens in die omgewing van Casa Grandé woonstelle moet herstel word. | Rozain |
| 5.8 | **Rioolwerke by Sandhoogte** | |
| | Die versoek oor onaangename reuke in die omgewing van die rioolwerke is aan die Dienste Moniteringsvergadering gerapporteer, maar Dawid berig dat dit steeds voorkom. Die versoek sal weer gerapporteer word. | Rozain |
| 5.9 | **Elektrisiteit – Tariefstruktuur vir inwoners** | |
| | Geen nuwe verwikkeling nie. Die vergadering neem kennis van mnr W Olivier se skrywe oor vordering en bedank hom vir sy spoedige optrede. Geen inligting is nog beskikbaar oor moontlike "verligting" vir inwoners nie. | Kallie |
| 5.10 | **Nuusbrief 2012** | |
| | Die konsep nuusbrief sal aan lede gestuur word vir insette/kommentaar. | Dorothy / Lede |
| 6. | **PROJEKTE** | |
| 6.1 | **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering** | |
| | Frik vra dat lede versoeke skriftelik aan hom stuur. | Lede |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 6.2 | **Skoonmaak van erwe** | |
| ***6.2.1*** | ***Rooiboklaan 80*** | |
| | Aangeleentheid is oorgegee aan die Munisipaliteit se Regsafdeling vir optrede. Haal af. | |
| ***6.2.2*** | ***Snoei van beskermde bome*** | |
| | Die vergadering neem kennis van Natuurbewaring se nuwe regulasies. Dorothy word versoek om André Strauss se inligtingstuk vir kennisname aan inwoners te stuur. Haal af. | Dorothy |
| ***6.2.3*** | ***Kangostraat (padreserwe)*** | |
| | Vir meer duidelikheid onderneem Dawid om foto's aan Raadsheer Smit te stuur vir opvolging. | Dawid / Kallie |
| ***6.2.4*** | ***Vullishouers en -verwydering in Kusweg*** | |
| | Met die herbou van kusweg staan vullishouers agter inligtingstekens en in sommige gevalle in die bosse wat veroorsaak dat vullis gestrooi word. Die houers moet op sigbare plekke aangebring word. | Rozain |
| | Verskeie klagtes is gerapporteer oor skoonmaakspanne wat vir lang tye in groepies sit/lê en gesels/slaap in plaas daarvan om te werk. Alhoewel inwoners bewus is dat dit nie munisipale werkers is nie en deur PetroSA befonds word, is die mening dat geld gemors word. Die entrepreneur moet aangespreek word oor beter toesighouding en spanne moet versoek word om rommel op te tel en nie net verby dit te loop nie. | Rozain |
| 6.3 | **Rampbestuur** | |
| | Verwarring bestaan oor verskillende planne. Die munisipaliteit se verslag dat die Ramp en Risiko Verminderingsplan reeds aan die Vereniging voorsien is, is onwaar. | |
| | Duidelikheidshalwe word bevestig dat drie planne bestaan, naamlik: | |
| (a) | **Oorhoofse Eden Rampbestuursplan**<br>Spreek die vyf (5) grootste potensiële rampe aan wat deur die Nasionale Regering geïdentifiseer word sover dit die Groter Edendistrik aanbetref. Fondse vir die administrasie en inoefening daarvan word deur die Nasionale- sowel as die Provinsiale Regering verskaf. Eden DM se afdeling Rampbestuur is die verantwoordelike instansie. | |
| (b) | **Ramp Risiko-verminderingplan vir Groter Mosselbaai**<br>Analiseer die potensiële rampe na aanleiding van nasionale voorskrifte sover dit die Groter Mosselbaai Munisipale gebied aanbetref (bv. vloedrampe in die Groot- en Klein Brakrivier, brande by PetroSA, ens). Hulpbronne, noodnommers, huisvesting, inoefening e.d.m. word aangespreek. Dit word tans op direkteursvlak hersien voor finale voorlegging aan die Raad. Brandweerhoof J Johnston en Wouter Jacobz (Eden Rampbestuur) hanteer dit. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **(c)** | **Klein-Brakrivier Rampgebeurlikheidsplan**<br>Spruit uit bogenoemde plan en bevat detail spesifief t.o.v. die Klein-Brakriviergebied en word minstens elke ses maande opdateer. Brandweerhoof en W Jacobz is die verantwoordelike beamptes. | |
| **7.** | **FINANSIES** | |
| | Geen verslaggewing nie. | Dorothy |
| **7.1** | **Tekenmagte - wysiging** | |
| | Die vergadering besluit dat geen wysigings aangebring sal word nie. Haal af. | |
| **8.** | **POLISIëRING / BUURTWAG** | |
| | Geen verslaggewing nie weens Terrie se afwesigheid. | |
| **9.** | **BEWAREA** | |
| | Frik meld dat hy tans die enigste lid van Bewarea is en vra lede om belangstellendes na hom te verwys. | Lede |
| **10.** | **PLAASLIKE SAKE** | |
| **10.1** | **Fraaiuitsig** | |
| | Geen probleme nie. | |
| **10.2** | **Klein-Brakrivier** | |
| ***10.2.1*** | ***Herstel van chevron by T-aansluiting*** | |
| | Bord is herstel, maar foutief omdat die pyltjies na verkeerde rigtings wys. George het die aangeleentheid reeds onder die Munisipaliteit se aandag gebring om te herstel. Rozain word versoek om vordering te monitor. | Rozain |
| ***10.2.2*** | ***Verwydering van bourommel in Beyerstraat 22 – erf 353*** | |
| | Steeds nie skoongemaak nie. Volgens die Munisipaliteit is die erf skoon. Anton onderneem om 'n foto vir Rozain te stuur. | Rozain |
| ***10.2.3*** | ***Parkeerterrein naby Treinbrug in Beyersstraat*** | |
| | Volgens die Munisipaliteit is daar nie fout nie, maar inwoners is van mening dat indien baie water oor die brug spoel dit mag intuimel. Dringende aandag moet aan die probleem geskenk word. | Rozain |
| ***10.2.4*** | ***Erf 382, Klein-Brakrivier*** | |
| | Persoonlike trap van eienaar na die see is steeds nie verwyder nie. Rozain sal dit opvolg. | Rozain |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| ***10.2.5*** | ***Herstel van pad na hengelgebied / parkeerarea*** | |
| | Duin is nog nie reggemaak nie. Anton sal 'n foto neem en vir Raadsheer Smit stuur vir opvolging. | Anton / Kallie |
| **10.3** | **Reebok** | |
| ***10.3.1*** | ***Noord van die spoorlyn*** | |
| | Die waterafflooppyp by die Reebok Gemeenskapsaal is reeds deur Raadsheer Smit opgemerk en aangemeld vir herstel. Haal af. | Kallie / Rozain |
| ***10.3.2*** | ***Suid van die spoorlyn*** | |
| | Geen wesenlike probleme nie. | |
| **10.4** | **Reebokhoogte** | |
| | Geen probleme nie. | |
| **10.5** | **Reebokrif** | |
| | Geen verslaggewing nie. | |
| **10.6** | **Riverside** | |
| | Dank aan die Munisipaliteit vir gruis wat by 10de laan gegooi is. Des het Altus gekontak om probleme aan te spreek en sal dit monitor. | Des |
| ***10.6.1*** | ***Afkamping van publieke ontspanningsarea (10de laan)*** | |
| | Rozain onderneem om items 10.6.1 en 10.6.2 met mnr Puren te bespreek. | Rozain |
| ***10.6.2*** | ***Chemiese toilette by rugbyveld en publieke ontspanningsarea*** | |
| | Terugvoer op ons skrywe van 14 Junie 2012 aan die Munisipale Bestuurder is nog uitstaande. Dorothy onderneem om die skrywe aan Rozain te stuur vir opvolging. | Dorothy/ Rozain |
| | 'n Versoek word gerig dat vasgestel word wie die eienaar van die rugbyveld is. | Rozain |
| **10.7** | **Tergniet** | |
| ***10.7.1*** | ***Aanbring van padoppervlak streep by 9de Laan*** | |
| | Afgehandel. Haal af. | |
| ***10.7.2*** | ***Spooroorgang by Charles Keenstraat*** | |
| | Opvulling tussen die twee spoorstawe word gevra aangesien motors beskadig word. Gibo meld dat dit in die spoorweg reserwe val maar sal kyk of die Munisipaliteit iets aan die saak kan doen. Die aangeleentheid is nog nie opgelos nie. | Rozain |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **10.8** | **Tergniethoogte** | |
| ***10.8.1*** | ***Stormwater probleem by Steenbrastraat 10*** | |
| | Volgens die munisipale verslag is foto's van die probleem geneem, maar meld dat dit nie maklik opgelos kan word nie. Die aangeleentheid moet op die GOP versoeklys geplaas word, maar die Munisipaliteit neem kennis van die probleem. Haal af. | Dorothy |
| **11.** | **KORRESPONDENSIE** | |
| **11.1** | Skrywe van Antoinette Kruger gedateer 26 Julie 2012 wat na mnr W Olivier verwys is en dadelik afgehandel is. | |
| **11.2** | Skrywe van Gustav Bredell gedateer 2 Augustus 2012 oor die trap in 3de laan. | |
| **12.** | **VOLGENDE VERGADERING** | |
| | Die volgende vergadering sal op Dinsdag, 4 September 2012 - 14:00 in die Reebok Gemeenskapsaal plaasvind. | |
| **13.** | **VERDAGING** | |
| | Die vergadering verdaag om 16:45. | |
| | DOROTHY BARNARD<br>**NOTULEERDER** | |
| | GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 8/2012 GEHOU OP 4 SEPTEMBER 2012. | |
| | ANTON DELLEMIJN<br>**VOORSITTER** | |

**BYLAE A**

HARTLIK WELKOM AAN U ALMAL, GEORGE EN DOROTHY, KOMITEE LEDE
ONS RAADSLEDE, RLD KALIE SMIT EN RDL GIBO GERBER,
ROZAIN HANSEN (ONS MUNISIPALE VERTEENWOORDIGER) EN MNR BERTIE SUPRA WAT INSTAAN AS BOU INSPEKTEUR
ONS TWEE NUWE LEDE, LAVINIA EN JOHANN. BLY OM TE SIEN DAT JULLE NOG NIE WEGGEHARDLOOP HET NIE.
DIS VIR MY 'N BESONDERSE VOORREG OM AS NUWE VOORSITTER DIE VERGADERING TE OPEN. .
EK WIL GRAAG VAN DIE GELEENTHEID GEBRUIK MAAK OM BUKS PIETERSE TE BEDANK VIR SY UITMUNTENDE BYDRAE TOT DIE VERENIGING SE SUKSES. ONS WENS HOM ALLE SEEN TOE OP SY PAD VORENTOE.
BAIE DANKIE VIR DIE VERTROUE WAT U IN MY GESTEL HET TYDENS DIE VERKIESING. EK SIEN UIT NA DIE NUWE UITDAGING EN GLO DAT ONS SAAM DIE VERENIGING TOT NUWE HOOGTES GAAN NEEM. BY ENIGE ORGANISASIE KRY 'N MENS MENSE WAT WAARDE TOEVOEG EN WAT WAARDES VERNIETIG, EK IS HIER OM WAARDE TOE TE VOEG.
JULLE HET JULSELF BEWYS AS 'N DINAMIESE SPAN EN CHAMPIONS OP VELE GEBIEDE.
EK GLO EN VERTROU DAT DIE HERE ONS ALMAL HIER GEPLAAS HET VIR 'N BEPAALDE DOEL.
EK WIL ONS ALMAL UITDAAG OM NOG MEER BETROKKE TE RAAK BY ONS GEMEENSKAP. EK GLO ELKEEN VAN ONS HET 'N LIEFDE EN PASSIE VIR DIE GEMEENSKAP EN ONS GEBIED EN DAAROM IS ONS HIER.
EK VERSOEK U ALMAL DAT ONS DIE VERENIGING SE DOELSTELLINGS SAL NASTREEF.
ONS IS VOLWASSE MENSE, HET RESPEK EN DEEL DIESELFDE WAARDES, DUS KRU TAAL EN ONGEWENSTE UITLATINGS SAL ONGELUKKIG NIE GEDULD WORD NIE. U MOET DIT GENIET EN U PASSIE UITLEEF.

DAAR GAAN VAN ELKEEN VAN U VAN TYD TOT TYD VEREIS WORD OM BEPAALDE PROJEKTE TE LEI. SPANWERK IS VIR MY UITERS BELANGRIK EN EK BESEF ONS ALMAL HET BESIGE PROGRAMME, DAAROM VERSOEK EK U OM EIENAARSKAP TE AANVAAR EN TE VERSEKER DAT U STAFWERK IN ORDE IS. KOM ONS STREEF NA "SERVICE IN EXCELLENCE" EN SMAAK SAAM DIE VREUGDE VAN WARE DIENSLEWERING.

'N PAAR UITDAGINGS LE VIR ONS VOOR EN DINGE RAAK BESLIS NIE MAKLIKER NIE. KOM ONS MAAK DIE GEMEENSKAP BEWUS VAN ONS VERENIGING. DIT GAAN BESLIS ONS ALMAL SE TAAK LIGTER MAAK.

DANKIE EN SEENWENSE MET DIE VERGADERING EN DIE JAAR WAT VOORLE.